GRONDWET

DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDEVERENIGING

INHOUD

1. NAAM 1
2. DOELSTELLINGS 1
3. LIDMAATSKAP 2
4. WERKSAAMHEDE 2
5. TERMYNVERGADERING 2
6. BESTUUR 3
7. GRONDWETWYSIGINGS 3
8. REGSPERSOONLIKHEID 4
9. ONTBINDING 4

1. NAAM

Die naam van die vereniging is DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDEVERENIGING (ALV). Hierna genoem die Vereniging.

2. DOELSTELLINGS

2.1. Die bevordering van die Afrikaanse letterkunde.
2.2. Die bewerkstelliging van kontak en samewerking tussen persone wat in hul beroep en uit belangstelling die wetenskaplike ondersoek, onderrig en bevordering van die Afrikaanse letterkunde nastreef.
2.3. Die bewerkstelliging van kontak en samewerking met verwante instansies.
2.4. Die bevordering van sy lede se deelname aan die maatskaplik-kulturele gesprek en wetenskapskultuur in Suid-Afrika.

3. LIDMAATSKAP

3.1. Aansoeke om lidmaatskap word deur die Bestuur ontvang.
3.2. Lidmaatskap tree in werking by die betaling van die ledegeld.
3.3. Lidmaatskap word nie opgeskort wanneer die lid versuim om ledegeld te betaal nie, maar hy/sy verbeur stemreg en is tot geen amp verkiesbaar, tot tyd en wyl ledegeld vir die lopende jaar betaal is.
3.4. Erelede kan benoem word.

4. WERKSAAMHEDE

4.1. Die reël van kongresse en ander byeenkomste van die Vereniging.
4.2. Die verspreiding van inligting wat vir die lede van belang sal wees.
4.3. Skakeling en samewerking met persone en instansies wat hulle met die literatuur besig hou of daarin belangstel.
4.4. Publikasies:
- 4.4.1. Die uitgee van 'n NUUSBRIEF
- 4.4.2. Die uitgee van STILET, wetenskaplike lyfblad van die Vereniging.
  - 4.4.2.1. Die Bestuur wys die volgende aan:
    Eindredakteur
    Kernredaksie
    Skakelredaksie
  - 4.4.2.2. Die Eindredaksie onder die leiding van die Eindredakteur hanteer die finansies van die Tydskrif, maar doen verantwoording aan die Bestuur.
  - 4.4.2.3. By ontbinding van die Tydskrif val die balans van die Tydskrif-fonds die Bestuur toe.
- 4.4.3. Geleentheidspublikasies

5. TERMYNVERGADERING

5.1. Die termynvergadering is die hoogste gesag in die Vereniging.
5.2. 'n Termynvergadering word minstens een keer elke twee jaar gehou, op 'n plek en tyd wat deur die Bestuur bepaal word met dien verstande dat:
- 5.2.1. die Bestuur na die goeddunke 'n buitengewone ledevergadering kan belê;
- 5.2.2. 'n buitengewone ledevergadering belê moet word indien een helfte van die stemgeregtigde lede skriftelik daarom vra;
- 5.2.3. die Bestuur in noodgevalle by wyse van stembriewe aan alle stemgeregtigde lede 'n stemming kan aanvra.

5.3. Die termynvergadering:

5.3.1. keur die verslae van die Vereniging se werksaamhede en die finansiële state goed;
5.3.2. keur die Bestuur se verslag oor sy werksaamhede goed;
5.3.3. kies die Bestuur vir die termyn tot die daaropvolgende termynvergadering;
5.3.4. bepaal die ledegeld vir die daaropvolgende termyn;
5.3.5. gee opdragte aan die Bestuur.

5.4. Kennisgewing van ’n termynvergadering asook ’n sakelys moet minstens vier weke voor die datum van die vergadering aan elke lid by sy aangegewe adres gestuur word
5.5. Kennisgewing van ’n buitengewone ledevergadering geskied soos die Bestuur goed ag.
5.6. ’n Kwart van die totale ingeskrewe stemgeregtigde ledetal vorm ’n kworum by alle ledevergaderings.
5.7. Alle besluite, met uitsondering van grondwetwysigings, geskied by meerderheidstem.
5.8. Behoudens bepaling 3.2. kan die termynvergadering besluit oor die toesegging of verbeuring van lidmaatskap.
5.9. Op versoek kan geslote stembriefies by ’n stemming gebruik word.

6. BESTUUR

6.1. Die Bestuur bestaan uit ’n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Penningmeester, met reg op koöptering van hoogstens twee verdere lede tot die Bestuur.
6.2. Die Bestuur word tydens die termynvergadering deur die lede aangewys.
6.3. Die Bestuur word op so ’n wyse saamgestel dat verskillende streke verteenwoordig word.
6.4. Die Bestuur moet minstens een keer per jaar vergader.
6.5. Die Bestuur:

6.5.1. Belê termynvergaderings en stuur kennisgewings en sakelyste uit;
6.5.2. Administreer die Vereniging se geldsake;
6.5.3. Tree tussen termynvergaderings namens die Vereniging op;
6.5.4. Ontvang aansoeke om lidmaatskap;
6.5.5. Doen verslag aan die termynvergadering van sy werksaamhede en administrasie;
6.5.6. Besit nominaal alle eiendom van die Vereniging namens die Vereniging;
6.5.7. Hou ’n lys van alle lede en hulle aangegewe adresse;
6.5.8. Wys komitees aan om behulpsaam te wees met die uitvoering van die Vereniging se werksaamhede.

7. GRONDWETWYSIGINGS

Die Grondwet kan by wyse van ’n tweederdemeerderheid deur die termynvergadering of behoudens bepaling 5.2.3. gewysig word. Skriftelike kennisgewing van voorstelle tot die wysiging moet minstens vier weke voor so ’n vergadering of stemming geskied.

8. REGSPERSOONLIKHEID

Die Vereniging is beklee met regspersoonlikheid en tree aktief en passief in ’n regsgeding in die naam van en deur die Bestuur op.

9. ONTBINDING

Die Vereniging word summier ontbind indien twee-derdes van die teenwoordige stemgeregtigde lede by ’n termynvergadering ten gunste van ontbinding van die Vereniging besluit, en alle bates word na goeddunke van die Bestuur aangewend, met dien verstande dat geen deel daarvan aan enige lid toegewys word nie.